

Maandag 31 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39 (AFR83/2020)

Fokusgedeelte: Romeine 8:37-39

Meer as oorwinnaars

Ons fokusgedeelte is van die troosvolste in die ganse Bybel. Die slot van Romeine 8 gee ons hierdie versekering: Eenmaal kind van God, ewig kind van God. Niks kan ons ooit weer van God skei nie. Hierdie sekerheid gaan terug tot voor ons geboorte (Ef. 1:3 ev). Van ewigheid af, voor die grondlegging van die wêreld, het die Vader ons al uitverkies en aan Christus gegee. Ons sekerheid lê dus by die Vader, in Christus. So 'n groot genade kan ons nie deurgrond nie, ons kan dit net aanvaar, daarvoor juig en bly wees. Nie alleen het Christus vir gelowiges se sondes betaal nie, maar ontvang ons ook kindskap, die Heilige Gees, die ewige lewe en alles wat Christus onder Hom verenig (vs 34).

In die gelese perikoop (veral vs 37) lees ons egter dat gelowiges dit op aarde beslis nie maklik sal hê nie. In baie lande tans word duisende kinders van God vervolgd, ontvoer, verkrag, vermoor, in tronke gestop, verneder (vs 36; Ps. 44:22; Jak. 1:2 v). Christus het die koninkryk van God kom (her)vestig skeppingswyd, maar dit is nog onvoltooid. Die voltooiing vind plaas met Christus se wederkoms. Nou sug die skepping, ons sug en die Gees sug met ons (Rom 8:18 v).

Tans word tiental oorloë wêreldwyd geveg. Miljoene mense word in hongersnood en armoede vasgevang. Inflasie styg skerp. Suid-Afrika is een van die mees moorddadige lande in die wêreld. Gelowiges spring hierdie dinge nie vry nie. Maar in Christus, met die hulp van die Gees, vrees ons nie. *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees* (vs 31)? Alles werk selfs tot ons voordeel (vs 28). Daarom is ons meer as oorwinnaars (vs 37). God dra ons deur alles!

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Dr. NP Heystek (Klasie) (emeritus)